### *`n Verstandsmens soek die liefde*

**80** **Suetal** sê: "Verstaan ja, maar ek sou jou byna liewer níé wou verstaan het nie! Hoe kan ek my dan tot liefde dwing, as ek deur my aard byna gladnie daartoe in staat is nie? Ek voel maar net `n verstandelike instemming met verskynsels en dade, maar liefde in my hart ken ek nie! Sê my dan tog hoe dit in `n mens voel - of waaraan hy herken dat daar liefde in sy hart ontwaak het? Daar moet tog gewis die een of ander teken van herkenning in die lewe van die mens wees, anders het hy niks aan die hele liefde nie. Hy kan haar miskien volledig besit, maar sal nie weet dat so `n lewenseienskap 'liefde' heet nie. Wat help, of gee vir hom dan die liefde!?"

[2] **Rafael** sê: "Herinner jy jou dan nie meer die tyd van vroeër nie, toe jy nog kind was nie? Wat het jy toe vir jou ouers gevoel, wat baie van jou gehou het en jou as hul liefling oorstelp het met allerlei weldade?"

[3] **Suetal** sê: "Dit is wel lank gelede, maar ek kan my nou nog menige voorvalle herinner waarby ek so ontroer was dat ek trane in my oë gekry het. Kan so `n kinderlike gevoel miskien liefde wees?"

[4] **Rafael** sê: "Ja, ja, dit is liefde. Wie dit nie het nie, mis uiteindelik alles wat tot die lewe behoort, en so `n mens is dan slegs `n werktuig van sy harsings wat deur die natuur verlig is en weet nouliks iets van die wese van sy eie siel af!

[5] Die kinderliefde moet daarom weer in die harte van elkeen soos jy wakker word, omdat dit anders onmoontlik is om `n suiwer verstandsmens binne te voer in die innerlike lewensryk in.

[6] Wat het jy daaraan as jy alles met die verstand kan begryp en tog nie in staat is om jou eie lewe te verstaan nie en nie kan sien hoe dit is nie, hoe dit hom vorm en ontwikkel nie?!

[7] Wat het `n tuinier daaraan om in anderman se tuin die weelderige groei van allerlei edele plante te bewonder, maar daarby sy eie tuin braak laat lê en slegs die onkruid daarin na willekeur laat woeker?! `n Mens moet vir die beddings in sy eie tuin sorg, dit van onkruid vry maak, met die regte mis bemes en met die sade van edel plante besaai, sodat `n mens dan op die regte tyd ook die regte vreugde sal kan belewe aan die weelderige, edele gewasse van sy eie tuin! - Maar nou hou ons op daarmee, want die groot Meester gaan iets nuuts onderneem, en jy moet met jou hart en hoof daarby wees!"

[8] **Ribar** sê: "Maar, hemeling, sê ons eers of ons nie eers na die Meester toe moet gaan om Hom te dank vir al die goeie dinge wat ons hier beslis maar net deur Sy groot goedheid en barmhartigheid liggaamlik en geestelik kon ontvang het!"

[9] **Rafael** sê: "Vir Hóm geld slegs die hart, as sy in orde is, is alles in orde. As Hy julle ryp sal bevind, sal Hy julle wel roep en julle die nodige aanwysings gee oor wat julle in die toekoms sal moet doen.

[10] Maar nou kom dit daarop neer om jou in jou hart en in jou hele wese bereid te hou, want as Hy iets doen, is dit nie slegs bedoel vir ons hier op hierdie plek nie, ook nie vir hierdie land of vir hierdie uitgestrekte aarde nie, maar dit geld tegelykertyd vir die hele oneindigheid en ewigheid! Daarom gaan dit daaroor om alles tot op die diepste grond te begryp! Verstaan dit goed en neem dit goed ter harte! Want elke woord uit die mond wat deur die Ewige Gees van Elohim in beweging gebring word, en elke daad wat daarop volg, het altyd `n oneindige draagwydte! - Maar nou moet ek julle geselskap weer vir `n rukkie verlaat en my voeg na die wil van die groot Meester."

[11] Toe verlaat die engel die geselskap van die twaalf en begeef hom weer na sy Josoë, wat nou heelwat met hom te bespreek het, want die talle gesprekke wat om hom heen plaasgevind het, het Josoë ietwat in verwarring gebring en Rafael moes help om sy leerling alles te laat verstaan.

### *Die Meester kondig `n sonsverduistering aan*

**81** **Ek** (JaHshua/Jesus) sê toe: "Vriende, ons liggaamlike en geestelike maaltyd het hierdie keer so ongeveer vier uur geduur, en daarom het dit tyd geword om van die tafel af op te staan! Ons sal buite na die see gaan om te kyk of daar nie iets gebeur wat al ons aandag werd is nie!

[2] Tewens maak Ek julle almal opmerksaam daarop dat ons nou oor `n halfuur `n totale sonsverduistering sal belewe. Maar laat niemand hom daaroor bekommer nie, want dit is `n heel natuurlike gebeurtenis!

[3] Die maan, komende uit die weste, op `n hoogte bo die aarde van 98000 uur gaans*, sal as `n massiewe, ondeursigtige liggaam in `n reguit lyn voor die son langs gaan en daardeur verhinder dat die sonlig op `n deel van hierdie aarde sal skyn. Die totale verduistering sal maar enige oomblikke duur, daarna sal die son weer direk bo die rand van die maan te sien wees en dan sal dit gaandeweg weer ligter word op aarde. Tydens die totale verduistering sal julle die mooie winter-sterrebeelde te siene kry wat andersins nooit in die somer te siene is nie. *(*onbekende term)*

[4] Ek sê dit om alle dwase vrees vir hierdie soort gebeurtenisse by julle weg te neem sodat julle die heeltemal natuurlike daarvan kan sien. Wees dus nie bang as die verskynsel hom sal voordoen nie!

[5] Maar tewens sal ons drie handelskepe op die oop see gewaar. Hulle moet vóórdat die verskynsel hom manifesteer, aan land gebring word, omdat die bose bygeloof andersins die skippersknegte sou dwing om `n seldsame mooi en deugsame dogter van `n eersame Griek saam met haar begeleidende vader in die see te gooi.

[6] Hulle reis saam na Jerusalem om die tempel te sien en hulle by die bron vertroud te maak met die leer van die Judeërs, en daarvoor neem hulle op die drie skepe `n aantal groot skatte mee wat dan as `n ryk buit in die roofsugtige hande van die slegte, Griekse skippersknegte sal val.

[7] Daarom is daar geen tyd te verspeel nie, want die hemelliggame volg onstuitbaar die baan wat volgens hul wette vasgestel is. As `n mens hulle in hul baan sou belemmer, sou die aarde daardeur ontsettend baie skade ly, wat duisende jare nie sou uitwis nie. As die drie skepe egter vinnig op `n wonderbaarlike manier aan die oewer gebring kan word, sal niemand daardeur skade ly nie, maar vir baie armes uit hierdie streek kan dit `n baie groot natuurlike en geestelike voordeel oplewer. Daarom nou vinnig aan die werk!"

[8] Almal haas hulle nou na die oewer en daar stel die mense hulle in `n lang ry op. Vir My lewer dit egter ook moeilikhede op, want Cyrenius met sy gevolg, My twaalf leerlinge en verskeie ander wat al `n tyd by ons was - in totaal ongeveer sestig - die dertig jong fariseërs en leviete aangevoer deur hul sprekers Hebram en Risa, die vyf onder leiding van die wyse Mathael en die twaalf met Suetal, Ribar en Baël aan die hoof, verdring mekaar om My heen en wil almal, so goed en so sleg as wat dit gaan, in My omgewing wees, terwyl Ebahl met Jarah en Rafael met Josoë sondermeer al vlak langs My is en Jarah selfs My mantel gladnie meer loslaat nie. Die ou Markus met sy vrou en kinders wil ook in My naaste omgewing wees en daaruit blyk wel dat daar weinig ruimte vir My oorbly. Maar Rafael lei gou alles in goeie bane deur in `n oogwink alle oewergaste `n gerieflike plek te besorg. Ek en Cyrenius en die ou Markus skeep ons in en onder die oë van die talle gaste vaar ons vlak langs die oewer heen en weer, tot tevredenheid van die gaste en My leerlinge.

[9] Maar nou kom die maan al naby die son en **Ek** gee Rafael opdrag deur te sê: "Jy weet wat nou gedoen moet word, wag dus nie langer nie!"

[10] En **Rafael** sê, eintlik slegs vanweë die gaste: "Meester, dadelik of na `n rukkie?"

[11] **Ek** sê: "Na twaalf tellings, dadelik!"

[12] Die drie skepe lê egter so ver weg dat mens hulle skaars kan sien; in `n reguit lyn was dit so `n vier uur se vaar.